## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM volgende Blok begin in April
## Ons sal kennisgewing uitstuur

### ETE ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND

**Neo-Spektrum Gemeente Vergadering**
**13 April 2014 na die Diens**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

________________________________________________

E-Mail__________________________________ Sel____________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **ABSA: Neo-Spektrum** | Ons vra 'n maandelikse bydrae |
| Takkode: **632005** | hetsy per koevert of per EFT |
| Rekening: **4083481065** | Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum

**6 April 2014**

## DOOD EN OPSTANDING

### — TYD IS NIE ALTYD NIE —

## STILTE IN DIE KAPEL

~ PIE JESU — OPERA BABES ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*elke maand gety my heen en weer, in en uit,*
*aanhou uithou, helder voller in die opbou*
*tot die lig-skyf breek in golwe volmaan wat*
*aangerol kom in donker drome – beer brom*
*buie in die nag-drange van hoop dat die lig om*
*en om die maand se ritme draai*
*vir 'n reis op maan-strale die heelal in –*
*tot die skaduwees donker kringe gooi*
*oor die ontnugtering hoe gou beloftes verflou,*
*verswak, verdoof in poele duisternis*
*wat hang aan 'n sekelmaan se punt – beloof om*
*van vooraf te begin met 'n nuwe ritme van*
*vrugbaarheid en verligting – elke droom is*
*'n refleksie van intensies wat gebore word uit*
*maandstondes se helder mooi bemin*
*van ons wil se wil om oor die mag*
*van 'n groter Wil te besin.*

*(Lank is nie vir altyd nie – 10 Junie 2009)*

**- STILTETYD -**

## — Lees: Lukas 12:16-21 —

"Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: "'n Ryk man se grond het goed gedra. Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaar nie. Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaar. Dan sal ek vir myself sê: 'Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.' Maar God het vir hom gesê: 'Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?' So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie."

====================================================

***Chronos*** sê, *"Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou en bly lê."* **(Spreuke 6:10)**. ***Kairos*** antwoord, *"Doen dit, omdat julle die tyd (kairos) ken, dat dit alreeds die uur is vir julle om wakker te word uit die slaap; want nou is **redding** nader aan ons as toe ons tot geloof gekom het."* **(Romeine 13:11)**

## *— GISTER ....... [VANDAG] ....... MÔRE —*

***1. Tyd (Chronos) is net wat dit is ... dit kan niks doen, gee, of wegneem nie***

*"Tyd staan stil, tyd vlieg, gee dit tyd ..." dit sê iets van ons bewussyn*

***2. Tyd (Kairos) is om bewus te wees van tydsverloop ... 'n seisoen van wees***

*"Time is not money, time is life, time is love." — Thich Nhat Hanh*

***3. Lydingstyd is 'n seisoen van voorbereiding, vervulling, verandering***

*Lewensorkes: almal op die noot, in tyd, in harmonie, saam die groot dirigent*

*"Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle **bekeer** (gedagtes verander)."* **(2 Petrus 3:8-9)**

====================================================

**VAN KRUISIGING NA OPSTANDING!** Die maniere waarop ons onsself en ander om ons vasspyker teen 'n dwarsbalk, maar oor elke manier van bevryding in 'n vertikale balk van opstanding. Die spanning van 'n horisontale balk wat ons wil beperk in die eng beskouing van definisies, die beperkings van vorme, en vals note van dimensies om sodoende te kom by 'n plek waar die ewige stroom van energie en lewe deur ons vloei soos 'n vertikale balk. Ons is lankal verby die doringkrone en spykers van vorm, definisies, en dimensies en dit is tyd om nuut te dink wat 'Opstanding' beteken. Die twee woorde wat uitstaan in dié komposisie is **'compassion'** en **'mindfulness'** wat ons Kairos word vanaf die ashoop van drome wat verloor is en abstrakte persepsies van alles wat kon/kan wees, na die sin van potensiaal wat opgesluit lê in elke oomblik.



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ PIE JESU — GREGORIAN CHANT ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Kom – O, ware lig ...*
*Kom – O, ewige lewe –*
*Kom – groot misterie ...*
*Kom – O, onvermydelike –*
*Kom – O, onbegryplike ...*
*Kom as ons eindelose vreugde*
*Kom – O, son wat nooit ondergaan nie!*
*Kom – O, ware hoop,*
*kom in die krag wat skep en herskep,*
*kom en vernuwe,*
*verander en restoureer elke gebroke hart ...*
*Kom – my asem en my lewe –*
*Kom – my heerlikheid en vreugde en eindelose lig,*
*Kom as my enigste liefde!*
*Aan U gee ons, ons dank*
*dat U uself één gemaak het met ons!*

*(Simeon die Nuwe Teoloog: 949-1022AC)*

---

## IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ KOM NA MY TOE — CHRIS LAMPRECHT ~